kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Wat adem jou stad?"

Skriflesing: Lukas 13:31-35

God's Self-revelation speaks words but says things we barely grasp and too easily distort. We want to grab them, own them, rather than the other way around. Even when they come to us meekly and helplessly, as with Jesus' total submission to the vagaries of human political and religious institutions, we feel viscerally threatened. Why? There is no such thing as human moral progress. God's Self-revelation and human expectations never mesh smoothly. "…[S]acrifice continues everyday." The story Luke tells about Jesus, which culminates in Jerusalem, as it "must," still occurs in real time, our real time. Yet, the One who comes willingly walks eyes-wide-open into the place of human confusion and violence. We cannot extricate ourselves from this coming. Despite everything that has happened, God takes the risks and comes to us again… and again… and again….

http://www.sacraconversazione.org/?p=395

◆◆◆

A great city, whose image dwells in the memory of man, is the type of some great idea. Rome represents conquest; Faith hovers over the towers of Jerusalem; and Athens embodies the pre-eminent quality of the antique world, Art. (Benjamin Disraeli)

◆◆◆

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

Broodjies vir die pad

Neem ons ooit toe in begrip en fyn aanvoeling?

Dirkie Smit

Tydens die bespreking in die kerk wonder iemand, diepsinnig, hoe morele verandering in ons eintlik plaasvind.

Dis immers een ding om te verlang – soos Paulus in Filippense 1:9 – dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, in groeiende sensitiwiteit, sodat ons al beter sal leer onderskei waarop dit regtig aankom. Om te bid – soos in Efesiërs 3:14-21 – dat almal saam steeds méér sal begryp van die wydte en verte en hoogte en diepte van Christus se liefde. Om beroep te doen – soos in Romeine 12:1-2 – dat ons al meer verander sal word deurdat ons steeds ánders, núút leer dink, al beter sal leer onderskei wat goed, aanneemlik en volmaak is.

Verlang, bid en beroep is één ding. Maar regtig gebéúr 'n ánder. So, kan ons dié gebeur dalk begryp, vra hy, beskryf, help bevorder? Hóé word ons morele verbeelding vernuwe, sodat ons insien dat wat ons vroeër so vanselfsprekend nagepraat en nagedoen het eintlik nie hóórt nie? Sodat ons sensitiwiteit toeneem, ons geestelike waardes vernuwe word, ons oordeelsvorming ontwikkel, ons bewus áfstand doen van vroeëre gewoontes en oortuigings en nié meer so praat, glo en doen nie? Hoe gebeur dit?

Wat die vraag oproep óf dit hoegenaamd wel gebeur? Kan ons daarvan getuig, ook in ons sélf? 'n Lang tradisie sê die moeiliker deel van morele vorming is juis die opgee van vroeëre vanselfsprekendhede, afstand doen van gewoontes, die erken van wat ons vroeër nie kon sien nie, die doelbewuste besluit om nié langer mee te doen nie. Hannah Arendt praat van afleer. Calvyn praat van leerbaarheid, 'n bereidheid om oortuig en veránder te word. Luther begin die Hervorming met Jesus se woorde dat ons tot inkeer sal kom en lê dit uit as daadwerklike vernuwing in ons alledaagse verhoudinge. Paulus praat van afsterf en aflê van wat mense vroeër in ons kon hoor en sien.

Gebeur dit ooit? Dís die vraag. Kan ons self dink aan enigiets wat ons vroeër sou dink en doen maar wat ons doelbewus afgeleer het, omdat ons sensitief geraak het daarvoor dat dit nie reg was nie? Kan ons voorbeelde gee van hoe ons eie fyngevoeligheid gegroei het, ons besef dat sekere maniere van dink, praat en doen net nie hoort nie? Het ons bewus nuwe geestelike waardes ontwikkel? Gegroei in onderskeiding? Kan ons in gesprekke aan mekaar van sulke vernuwing rekenskap gee?

Nee, nie in die kerk nie, maar alledaags, aan ons kinders, by ons tafels, terwyl ons met vriende kuier en ontspan – kan ons sulke verhale vertel? Mekaar daaroor uitvra?

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/neem-ons-ooit-toe-in-begrip-en-fyn-aanvoeling-20160212

Brood vir die pad

Wie besit wie?

Abel Pienaar

In *Alcibiades I* gee die vader van die filosofie, Sokrates, ons 'n wonderlike analogie. Hy vertel dat die meeste mense hulle

voete met hulle skoene verwar. Hy wys dan uit dat skoene slegs aan ’n mens behoort, dit is nie wesenlik deel van ’n mens nie. Maar omdat vele mense die twee met mekaar verwar, sukkel hulle om raak te sien wat is belangrik en wat nie.

Net soos die meeste mense ook plesier en lewensvreugde met mekaar verwar. Ja, sekere dinge kan ons plesier verskaf, maar Sokrates wys uit dat dit nie dieselfde is as lewensgeluk nie.

Kom ons kyk bietjie dieper na hierdie saak.

Is dit nie so dat die meeste mense ’n geneigdheid het om hul ego-stories, materiële welvaart, sosiale aansien en sosiale rolle te verwar met dit wat wesenlik deel is van hulle nie? Iets wat na vore kom in byvoorbeeld ons taal, wanneer na iemand verwys word as ’n persoon wat vir homself kan sorg, en dit meestal verwys na iemand se gunstige finansiële situasie.

En hierdie verwarring veroorsaak dat mense dink dat die goed wat hul lewens makliker maak, ook hulle lewens beter sal maak. En ongelukkig is dit nie so nie, die teendeel is eerder waar.

Kyk maar net na hoeveel meer dinge, goeters en gemakliker lewens die meeste van ons het in vergelyking met die vorige geslagte. En tog is ons ooglopend nie gelukkiger nie. Ons het heel moontlik minder lewensvreugde en meer stres as ons voorgeslagte.

Kan dit wees dat besittings en welvaart die oorsaak is van ons ongelukkigheid? Dat dit juis ons besittings is wat óns besit en ons sodoende angstig en depressief maak? Dit wat Benjamin Franklin ook sê: “He does not possess wealth; it possesses him.”

Soveel mense besef dit nie, maar weens ’n irrasionele verknogtheid aan hul besittings is hulle in der waarheid in ’n tronk. Gevangenes van hulle eie begeertes.

Is ons obsessie met opgaar, meer en meer koop en alewig nuwer en beter nie maar net die teken van ons spirituele armoede nie?

Presies wat Sokrates so lank gelede al probeer sê het met: die mens het vergeet dat sy voete nie sy skoene is nie. Waarby Matteus 6 vers 19 aansluit met: “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie.”

Skoene word oud en stukkend, gaan uit die mode en word gesteel. Maar jou skoene is nie jou voete nie... Is dit nie so dat niks wat jy kan besit werklik “joune” is nie?

Ons kom sonder enigiets in hierdie wêreld in en ons gaan net so besittingloos weer hier uit. Maak dit dus nie veel meer sin om ligter te lewe nie? Vryer en eenvoudiger.

Dit is asof die mensdom gehipnotiseer is deur hul “skoene”, die goeters en dinge van die lewe, en daarin verloor hulle hulself. Of anders gestel, hulle is vas aan die slaap en verwar die droom met die werklikheid.

George Carlin, die Amerikaanse komediant, het op ’n keer hierdie toestand van hipnose vergelyk met die sogenaamde Amerikaanse droom: “That’s why they call it the American Dream, because you have to be asleep to believe it.”

Om dus wakker te word vanuit hierdie toestand van hipnose of slaap, is om te besef dat ware geluk in die teenoorgestelde rigting as meer, groter en beter lê. Dit waarna Will Rogers verwys met: “Too many people spend money they haven’t earned, to buy things they don’t want, to impress people they don’t like.”

Die teenoorgestelde rigting is te vind in eenvoud; minder eerder as meer. Dit waarna Henry David Thoreau verwys met: “Simplicity, simplicity, simplicity! We are happy in proportion to the things we can do without.” Want sien, wat eenvoud doen is om ons te help om te fokus op dit wat regtig belangrik is, en natuurlik raak te sien dit wat nie belangrik is nie.

Eenvoud is natuurlik veel meer as om net minder besittings te hê of ’n lewe te lei wat nie gejaagd is nie – nee, die ware betekenis van eenvoud is geleë in ’n innerlike ingesteldheid om te kan laat gaan. Dit wat die Dhammapada (Boeddhistiese geskrif) die wysheid van die “wyses” noem.

’n Ingesteldheid waar jou hoogste waarde dié is van outentiekheid, wakker wees en eerlik leef. ’n Gedeelte vanuit die Dhammapada stel dit so: “Op die einde is die belangrikste van alles: Hoe diep kon jy liefhê? Hoe vol en teenwoordig het jy gelewe? En hoe gereeld kon jy laat gaan?”

Want voordat jy nie kan laat gaan nie, is jy steeds ’n gevangene, ’n slaaf. Maak nie saak of dit emosioneel van aard is of fisies nie. Dit wat jy nie kan laat gaan nie, is jou baas.

’n Zen-spreuk sê juis: “Let go or be dragged.”

Verbeel jou ’n lewe waar jy nie meer gedryf word deur jou begeertes tot méér en méér nie. ’n Wêreld waar dinge en goeters nie die hoogste waarde vir jou het nie, maar eerder liefde, deernis en respek. Hoe anders sal jou lewe lyk?

’n Lewe waar jy weer vry kan asemhaal, die windjie in die laatmiddag op jou vel kan voel en tevrede voel binne jou vel. Verbeel jou ’n lewe waar niks jou meer dryf en aanjaag nie, maar tog ’n lewe waar jy doen wat jy moet en selfs die sweet teen jou voorkop kan geniet. ’n Lewe waar jy meer word, nie minder nie.

Dit wat Henry David Thoreau so mooi saamvat met: “Wealth is the ability to fully experience life.”

http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/kop-hart-blog-wie-besit-wie-20160218

◆◆◆

Lied 188:2,3

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877